Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

Beste Donateur

**Insake:** Nuusbrief – 4 de Kwartaal 2019

Die bestuur van die Getuienisbediening wil gebruik maak van die geleentheid om namens elke sendeling, die donateurs van Wilgespruitgemeente hartlik te bedank vir die finansiële, môrele en geestelike ondersteuning sedert die instelling van die Geloofsofferbelofteprojek. Die Sendelinge is afhanklik van borge en werklik dankbaar vir u gebede en ondersteuning. Daarsonder sal die verkondiging van die Evangelie en sendingwerksaamhede wêreldwyd onmoontlik wees.

Die fondse word soos volg aangewend.

**Geloofsofferbelofte uitgawes soos op 01 Januarie 2019 tot 30 September 2019**

- **Maandelikse ondersteuning aan 7 sendelinge : R 99 000**
- **Getuienisnaweek: R 20 772**
- **Gemeente uitreike : R 19 116**
- **Bybels en Christelike literatuur vir uitreike : R 15 547**
- **House of Praise uitreike : R 7 800**
- **Jeug – Kinderweek borg van minderbevooregte kinders: R 3 800**

## Sendingnuus.

### Ferdi en Ronel Gouws: ABC België -

Ferdi en Ronel was bevoorreg om die 100-jarige feesvieringe van die Die Belgische Evangelische Zending (BEZ) by te woon met hul besoek aan België. Hulle was bemoedig om te sien en weer te hoor hoeveel sendelinge oor die jare die Evangelie in hierdie land gebring het waar daar vroeër ook 'n groot geestelike herlewing was. Die hartseer is dat België vandag nie maar net 'n post-moderne land is nie, maar 'n post-Christendom land geword het. Die naam van die BEZ is verander na ViaNova (nuwe weg) omdat daar 'n daadwerklike soeke is na 'n nuwe manier om Christus te bring aan hierdie stukkende land waar die verlossing van Jesus Christus geen werklikheid meer is nie.

Ferdi en Ronel se aflostydperk in Middelburg, Kaap loop ten einde 30 November 2019. Alhowel Ferdi en Ronel afgetree het, weet ons dat ons as Sy kinders nooit aftree of uittree nie. Ons tree net op ander paaie. Hulle is baie bewus dat die Here nog vir hulle 'n taak in België het en dat Hy hulle daar nog kan gebruik. Miskien sal dit nie wees soos vroeër jare nie, maar die nood spreek hulle ernstig aan en daar was versoeke dat hulle betrokke sal bly, veral by Het Minnehuis waar hulle hegte vriendskapsbande gesmee en as deel van die famielie erken word. Bid asb vir die geestelike nood in België waar sovele mense sterf sonder Jesus Christus in wie se verlossing hulle nie belangstel nie.

### Manie en Annelie Taute : Portugal Sending –

Annelie is met klierkanker gediagnoseer in Februarie 2018, Annelie het moedig die berg begin klim. Met baie gebede van oraloor is sy gedra, op arendsvlerke. Met die chemoterapie behandeling was dit wonderlik toe Dr. Rens die lêers toeklap en sê, dis verby, geen spoor te sien van die kanker nie, Annelie is steeds gesond en skoon van die kanker. In Portugal is sy nou ook in die opvolgprogram by onkologie. Die dokters praat van volkome remissie. Prys die Here!!

Die vierde ABEN konferensie - Bybelskool met die tema: Vrees, sodat jy nie hoef te vrees nie. Uit die boek Prediker, het plaasgevind met die bedoeling om goeie Bybelontleding te demonstreer en te vestig – vanaf die teksuitleg tot die aktuele en verantwoordelike toepassing.

14 September 2019 het Portugal Sendingn ń nuwe jaar se Sondagskool begin met ´n gemeente piekniek by Discovery Park. Die hele onstaansgeskiedenis van die Bybel word daar uitgebeeld.

Ons sluit by Manie en Annelie se grootste gebed en begeerte aan dat ´n paar van die baie mense wat hul paaie kruis, hulle hande in geloof sal uitsteek en deur Jesus aangeraak sal word. In Portugal bly dit ´n skaars item. Hulle kry al hoe meer mense wat sonder enige godsdiens grootgeword het. Ander is godsdienstig maar sonder die God van genade. Sáám met Wilgespruitgemeente is Portugal Sending Sy profete wat Sy boodskap betyds moet bring!

### Jacob en Teresa Chassanda; NG Leraar Gondola Mosambiek –

Ds. Jacob en Teresa ervaar steeds gesondheidsprobleme. Ds.Jacob sukkel met ń mantelvliesbreuk wat al jare pla en moet operasie ondergaan. Teresa het suikersiekte onderlede en moet ook behandeling ontvang. Die fasiliteite in Gondola is nie goed nie. Daar word steeds met ń geskikte chirurg wat die operasie kan uitvoer in Zimbabwe onderhandel. Ds. Jacob se seun het in die huwelik getree, die eerste vanuit hul gesin, Ons wens die huwelikspaartjie ń mooi geseënde huweliksreis toe.

Wilgespruit
GEWORTEL, GROEI & LEWE

Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

Dit gaan oor die algemeen goed met die vyf satelietgemeentes waar plaaslike inwoners die Evangelie vrylik ontvang en leiers as dissipels opgelei word om meelewend te wees in die gemeentes. Ds. Jacob het grond aangekoop vir die "Amatongas" - (Straatsmouse.) en in die proses om 'n kerk te bou. Vordering is stadig en onderworpe aan fondse. Bid dat die Here fondse sal voorsien om die kerk te bou. Mense in Mosambiek is honger vir die Evangelie en ons prys Sy naam dat die mense ontvanklik is om die Goeie Nuus te ontvang.

## Kobus en Cora Viljoen: Child Evangelism Fellowship -

Die afgelope boekjaar is 1400 kinders vermoor!. Ons harte huil saam met Kobus en Cora wanneer ons van hierdie statistieke hoor. Dan word daar nie eers gepraat van hoeveel kinders mishandel en seksueel aangerand word nie—dikwels deur hulle eie familie of vriende. Is ons mooi land in totale chaos? Is daar hoop? Waar begin 'n mens?

Kobus en Cora het gedurende Junie 2019 besoek afgelê by Goeie Nuusklubs in Lesotho, Mosambiek en Swaziland Ons dank die Here vir die spanne wat saam werk om vir kinders die Goeie Nuus van Jesus te vertel. Terug in Suid Afrika het hulle Lenteland besoek in Vereeniging waar leiers van16 lande bymekaar gekom het om te hoor wat die Here beplan - hoe CEF meer doeltreffend kan werk om meer kinders met die Woord te bedien.

Al die Goeie Nuusklubs, skolebediening en Kleuterskole werk baie hard en altyd daar om iemand 'n drukkie te gee of 'n trooswoord te spreek teenoor iemand wat dit baie nodig het. Dalk vir iemand die Goeie Nuus van Jesus vertel. Ons is die Here dankbaar vir skole wat oop is vir die Evangelie. Bid ook dat die positiewe gesindhede só sal bly. Één ouer of onderwyser kan kla en die hele bediening kan net daar gestop word.

Ons loof die Here dat Kobus se galblaas-operasie verby is en sederdien mooi herstel het, Kobus is terug op sy pos.

Kobus en Cora se kleinkind is voor geboorte gediagnoseer met klomp gewassies in sy hart en sy brein! Op 3 September is 'n pragtige, gesonde seuntjie gebore! Elijah. Scans van sy brein was geneem en geen gewasse kon gesien word nie. Scans is ook van sy niere geneem alles was normaal. Sonars was van Elijah se hart geneem, klein gewassies is gesien—maar dit lê op plekke waar dit nie die werking van die hart behoort te affekteer nie, met die potensiaal om heeltemal weg te krimp! Ons is saam dankbaar vir hierdie wonderwerk uit God se hand. Mense van oor die hele wêreld het vir Elijah gebid en nou bring mense van oor die hele wêreld die lof en eer aan God. Hy is God almagtig!

## Rochélle Barret YWAM - LIV Lanseria –

Rochelle het na Amerika verhuis en tree op 08 Desember 2019 in die huwelik met Jonathan. Hulle het veilig aangekom by hul nuwe tuiste en is hard besig met die voorbereiding van hul huweliksdag. Ons is saam dankbaar dat die Here Rochelle se gebede verhoor en na soveel jare ń lewensmaat gestuur het wat dieselfde belangstelling as Rochelle het, in besonder, lief vir die Here, en betrokkenheid in die sendingveld vir die uitbouing van God se Koninkryk.

Wilgespruit gemeente was bevoorreg om Rochelle Barret morele en finansiële ondersteuning te bied vir ongeveer twee dekades lank waar sy intensief in Afghanistan, Mexico, Baba Moses en LIV Lanseria sendingwerk gedoen het om die Here se Woord uit te dra en Jesus se liefde en barmhartigheid getrou uit te leef teenoor haar medemens. Rochelle het haar dank betuig vir die jare wat Wilgespruit haar ondersteun het en wat bygedra het tot ń spesiale verhoudingsband tussen haar en Wilgespruitgemeente. Ons het baie by Rochelle geleer en gaan haar baie mis. Rochelle is ń toonbeeld oor hoe ons as Christene Jesus op verskeie manière kan dien, ons kon dit leer uit ons gesprekke en die volgehoue nuusbriewe om ons gemeente op hoogte te hou van haar betrokkenheid in die sendingveld.

ń Geseënde toekoms word Rochelle toegewens waar sy ookal gaan. Mag die Here sy hand oor Rochelle en Jonathan hou en hulle vooruit loop in hul toekomsplanne.

## Peter Hlokwa: House of Praise –

Dit gaan goed met House of Praise bediening ten spyte van die inbraak waar die tru projekter en skerm gesteel was, die toerusting is intussen weer vervang. Peter was in ń ongeluk betrokke en sy regterarm ernstig beseer. Die herstelproses verloop baie goed as gevolg van die fisioterapie behandeling.

House Of Praise was in samewerking met "His Glory" ń kerk in Luipaardvlei betrokke by "Victorious Woman" Women's day Conference. Die konferensie was gelooflik goed bygewoon en baie vroue het oorgawe gemaak en hul harte vir die Here gegee.

Ons is dankbaar vir HOP wat die Goeie Nuus tydens die broodjiebediening op Woensdae aan straatmense wat werkloos is oordra. Dit gaan moeilik met die werkloses wat ook net soos ons verantwoordelikhede het teenoor hul gesinne, werk is skaars. Broodjies word voorsien vanuit die gemeente en Barmhartigheidsbediening aan tussen 80 - 120 werkloses wat dit met groot dankbaarheid ontvang. Soms is dit al kos wat hulle het vir die dag.

Wilgespruit
GEWORTEL, GROEI & LEWE

Leraars: Ds Hennie West, Ds Braam Smith
H/v Mimosastraat & Wag-'n-Bietjiestraat
Posbus 2044
Wilropark, 1731
ngwilge@mweb.co.za
+27(11) 764 2000

## Paul Hattingh: New Beginnings Ministry –

Paul doen Evangelisasie werk onder gevangenisse by verskeie tronke in Gauteng. New Beginnings Ministry is tans besig om Dissipelsskapboekies saam met gevangenisse deur te werk wat baie goed vorder. Die gevangenisse ontvang vraagstukkies uit die boekies wat hulle gedurende hul stiltetye deurwerk en dan tydens elke sessie inhandig om nagesien te word. Ons is saam dankbaar dat een gevangene wat verhoorafwagtend was se sake teen hom teruggetrek en vrygespreek is. Die gevangene het die kursus deurloop en sy eie Bybel ontvang voordat hy ontslaan is.

New Beginnings Ministry het toestemming gekry om die Jesus en ander Christelike films aan groepe te vertoon sodat hulle die Goeie Nuus in hul eie taal kan ontvang. Bid asb vir sommige personeel by gevangenisse om meer toeganklik te wees vir die Evangelisasiewerk wat New Beginnings Ministry in tronke doen. Toegang om groepe te sien word soms geweier. Bid asb dat daar meer werkers by die bediening sal aansluit om die Evangelie aan gevangenisse te bring.

## Getuienisnuus

Ds. Braam Smith het as leraar Getuienisbediening onder sy vaandel geneem sedert ds. Andries van Rooyen se aftrede. Ons is dankbaar en opgewonde om die nuwe era met ds. Braam en sy egenote in te gaan.

Daar was al tesaam 215 Bybels en verskeie Christelike literatuur in verskeie tale versprei gedurende die jaar. Die Gemeenteuitreike het positief verloop wat gevangenisbesoek, Getuienisnaweek, toebroodjieprojek en borg van sendinggerigte behoeftes insluit.

Die Getuienisbediening het tydens die beplanningsvergadering primêr gefokus oor hoe ons as Wilgespruitgemeente nog meer kan bevorder om by Missionale kerkwees beginsels aan te sluit. Daar is twee elemente wat verstaan moet word oor sendinggerigtheid nl.

a) Arm wat stoot: Dit is die arm wat voorsien en handel oor die verspreiding van die Evangelie in ons gemeente, plaaslik sowel as buiteland wat die volgende behels.
   - Administrasie – komunikasie
   - Sendelinge wat finansieel en moreel ondersteun word,
   - Bybelverspreiding en die betrokkenheid by
   - Uitreike - plaaslik sowel as buite Suid Afrika se landsgrense.

b) Arm wat trek: Dit is die arm waar kerke oor die algemeen nie verstaan nie en tekort skiet om kultuurverandering mee te bring. Wilgespruit gemeente is Missionaal en daar is altyd ruimte om gedurig in pas te bly om kosmetiese verandering toe te pas, om nog meer effektief vir Jesus se koninkryk te funksioneer bv. soos Jesus, heeltyd op soek na diegene wie weg is, is ons besig om van hierdie aarde 'n beter plek te maak? Hoe kry ons mense in ons gemeenskap in die kerk, mense wat kerkvervreemd geraak het of die Here nie ken nie?. Die doelwit moet wees om nie-gelowiges in die kerk te kry. Ons moet offensief speel en nie aan die stigma vashou dat sending iemand daar vêr is wat die Evangelie versprei nie. Sending is ek, hier en nou.

Die Strategie vir 2020: Die fokus van ondersoek oor Missionale Kerkwees – Trek Arm.

Die primêre doel is om mense te transformeer. Die proses daarnatoe is om verhoudings te bou en te verstaan waar ander vandaan kom. Vibrant Faith is gebaseer op Geloofsvorming in die gemeente en moet nie met sending verwar word nie. Metanoia beteken "hartsveranderende transformasie",klem op n "geestelike ommekeer". Daar moet ń platform geskep word om Metanoia te laat plaasvind. Is ons kerk "inviting" om iemand van buite in die kerk te verwelkom.? Sending is die vangnet om mense te lok.
Aksieplan platform wat nog meer uitgebrei sal word:

- Opleiding – hoe stap jy ń pad met ń verlorene/ongelowige om transformasie mee te bring.
- Home Page van Wilgespruit se Webtuiste te hersien waarop mense, veral verlorenes kan reageer sodat Getuienisbediening kontak kan maak.

Bid asb vir die Getuienisbediening om ons plek te vind binne groter geheel van die Missionale kerkwees, met die fokus om inlyn met Wilgespruit se roeping te wees, dat bedieninge op nuwe manier in die lewe deel deur te hoor, sien, gevoel - hart, diensbare hande en voete - getuies in gebroke wêreld te wees (leraars se refleksie na samestelling van stilword naweek inligting). Ons het bevestiging gekry dat ons bewus is waar God in die wêreld besig is en ons daarby aansluit.

Aan Jesus Christus ons Verlosser en Saligmaker kom al die lof en eer toe. Lekker lees **AMEN!!**

**Beste Wense**

**Hans Kleynhans**

**Voorsitter: Getuienisbediening**

**2019/10/29**